## Oubratouvishar oortuig sy mense van JaHshua se Goddelikheid

**196** **Oubratouvishar** sê: "Dink julle dan dat ek liggelowiger is as julle? O, dan vergis julle julleself grootliks met my! Het julle dan nie gesien watter oortuigende bewyse dié pragtige mooi jongeling, wat kennelik `n gees vanuit die hemele is, na net `n uiters geringe wenk van die Meester gelewer het nie?"

[2] Die twintig sê: "Ons sien wel alles en vang ook nou en dan `n woord op, maar kon tog die betekenis daarvan nie uitmaak nie en nog minder enige samehang, want hierdie tafel staan te ver van die hooftafel af daarvoor!"

[3] Daarop sê diegene wat so pas aangekom het: "Ons kom regtig op ietwat wonderlike wyse pas op dieselfde oomblik by hierdie tweede tafel aan wat voorheen leeggestaan het, toe jy jou juis diep buig voor daardie meester en daarop na ons toe kom en ons kon daarom onmoontlik iets waargeneem het van alles wat daar tussen jou en daardie lieflike jongeling plaasgevind het nie! Sê dus wat jy weet en gesien het en ons sal dadelik daaruit leer en weet waar ons daarmee staan!”

[4] Die aanvoerder sê: "Goed, luister dan nog `n keer na my: Julle ken almal my laaste vonds in `n sloot vol los klippe. Dié vonds wou ek by ons vertrek hierheen saamneem en in Memphis aan die owerste as geskenk gee, wat hy beslis baie op prys sou gestel het; maar in die haas vergeet ek dit heeltemal en ek dink eers later daaraan en die vonds bly daarom goed in linne toegedraai in my hut in `n hoek, toegemaak met die dop van `n pampoen. Toe ek hier bewyse vra vir en vanweë dit waarvoor julle dit nou ook van my verlang, herinner daardie lieflike jongeling my aan my vonds wat ek tuis vergeet het en hy sê my presies waar en wanneer ek die mooi klip gevind het, waar ek dit in die hut versteek het en aan wie ek dit as geskenk wou gee.

[5] Vriende en liewe broers! Dít moes my tog wel bietjie merkwaardig voorkom en my werklik in die hoogste mate verras! Hoe kon daardie jongman `n geheim ken wat so ver hiervandaan in die donkerste hoek van my hut verborge lê?

[6] Vriende en broers, om dit te weet is daar meer nodig as alle wysheid van alle mense! Vir my sou dit al `n oortuigende bewys gewees het, omdat ek wel in staat is om te verstaan wat `n mens moontlikerwys in die uitsonderlikste geval as toppunt van wysheid kan weet! Maar, nadat hy `n wenk ontvang het van die Meester daar aan die tafel, laat die jongman dit nie daarby nie, want hy vra my of ek dit nie wenslik sou vind as hy die bepaalde vonds uit my hut in Nouabia hier na my toe sou bring nie! Dié aanbod het my wel uitermate verras en ek het die aanbod van die lieflike jongman aangeneem.

[7] Nou sal julle dink dat die jongman my toe `n tyd laat wag? O, glad nie! Op daardie selfde oomblik oorhandig hy eerstens die klip aan my en dadelik daarna op buitengewone wyse ook nog die pampoendop waarmee die mooi vonds in die donkerste en verste hoek van my hut toegemaak was en ek kry daarby `n duidelike uitleg waar hierdie baie mooi klip vandaan kom!

[8] Sodat julle my egter nie van liggelowigheid verdink of my selfs daarvan beskuldig nie, moet julle self almal hierdie klip en hierdie pampoendop bekyk om vas te stel of dit nie dieselfde is wat ek julle tuis laat sien het nie! En my dienaar hier weet ook waar ek dit in my hut bewaar het en hoe! Wat sê julle nou? Kan een van die beroemdste towenaars uit Cahiro *(Kahi·roug: van Kahi, een van die grootste bulle uit hierdie streek; horing wat geheilig was)* dit ook doen? Ek het nou gepraat, nou is julle weer aan die beurt!"

[9] Almal sê nou: "As dit so is, waaraan niemand van ons twyfel nie, dan is dit heil vir ons almal, want hier word dan die ongeloofliksste tot besielendste en stralendste waarheid! Heil aan ons en ons land en almal wat met groot verlange tuis op ons wag, want ook onder hul swart velle sal dit weldra so lig soos die son word!

[10] Maar sê jy nou vir ons hoe jy kan verklaar dat hierdie man die Allerhoogste, Goddelike Wese is waarvan die hele oneindigheid vervul is en wat terselfdertyd orals met almagtige krag heers, lei en alles in stand hou en voed. Waar moet die ewige onbegrensde wysheid en die almagtige wilskrag in hom plek vind?! Hier, net soos ons net `n beperkte mens en daar, werksaam deur die hele oneindigheid met die grootste insig, die hoogste wysheid en met die grootste onbeperkte krag; hier, op en in alle ontelbare plekke van die aarde en terselfdertyd daar, in die verste dieptes van die oneindige skepping siende, wetende, voelende, berekenende en met ewige krag wat nooit verswak nie en mag werkend?! Begryp jy hierdie onbegryplike moontlikheid?"

[11] Die aanvoerder sê: "Dít begryp ek sekerlik nog nie, maar net soos julle verstaan ek ook nie hoe daardie jongman hierdie klip wat ek tuis vergeet het, in `n oogwink hier na my toe gebring het nie! Laat ons egter geduldig in alle nederigheid en ware liefde wag op hierdie Enige en dan sal ons beslis nog meer lig kry!"

[12] Daarmee is voorlopig almal, wat baie diep nadink, tevrede en hulle wag op die verdere dinge wat sal kom.

## Geestelike voor- en nadele van die More

**197** **Cyrenius** sê aan My: "Meester, by hierdie More sou ek nie soveel wysheid en volkome helder

verstand gesoek het nie, maar hulle vele kennis en wonderbaarlike ervaringe bring my werklik tereg in verbasing! Die owerste van Memphis, wat Justus Platonicus heet, is aan my as `n baie wyse man bekend; maar dat hy in alle ou Egiptiese misteries ingewy sou wees, het ek waarlik nie geweet nie!

[2] Dat hy al van ouds `n sterk aanhanger van Plato was, weet ek. As seun van `n baie vooraanstaande familie in Rome en so ryk soos Croesus, het hy reeds in sy jeug goed bevriend geraak met die Griekse en Egiptiese filosowe en het hy Egipte verkies as die kulminerende onderwerp van al sy studies. Ongeveer tien jaar het hy in die land van die ou wysheid deurgebring en hom daar in alles laat inwy. Met `n geleibrief van my broer, Keiser Augustus, in die hand, moes alle misteries van begin tot einde aan hom getoon word en so het hy aan sy huidige wysheid gekom. En omdat hy so deur en deur in alle Egiptiese aangeleenthede tuis was, het Augustus hom as `n meer burgerlike- as militêre owerste na Memphis oor Opper-Egipte geplaas. Daar is wel etlike soldate in Memphis waaroor ons Justus Platonicus die bevel het, maar `n veldheer is hy daarom nog nie.

[3] Dat hy `n groot geleerde is, weet ek; maar dat hy nou ook `n wyse en `n egte priester geword het, het ek natuurlik nie geweet nie! Ek moet hom nou egter meer in gedagte hou, want deur sy inspanning vir die More het hy hom vir my heel verdienstelik gemaak. Dit sou hom uiters groot vreugde verskaf as hy hier kon wees! Wat dink U eintlik oor my Justus Platonicus? Hoe is sy en ook my verhouding as heidene ten opsigte van die ryk van Elohim op aarde?"

[4] Ek sê: "Waarom vra jy dít? Justus is `n man na My hart, hy het Elohim lief bo alles en sy medemense meer as homself; en wie dít doen, is reeds in My ryk, of hy Judeër is of heiden! Ek sê vir jou dat Ek eerder met hom oor die weg sou kom as met julle almal, maar Ek vind julle ook goed! Om My woorde te bewaar, is egter niemand geskikter as hierdie Swartes nie, want wat hulle eenmaal het en verstaan het, bly so suiwer en onveranderd soos `n geslypte diamant. Enigeen kan vir hulle instaan dat My leer by hulle na tweeduisend jaar nog net so suiwer sal wees as wat hulle dit van My ontvang het!

[5] Hierdie swart mensesoort het die eienskap om `n leer of gewoonte vir duisend en ook wel meer jare heeltemal kernsuiwer te bewaar, dus presies soos wat hulle dit in die begin gekry het. Hulle sal niks weglaat nie en sekerlik niks toevoeg nie; maar dit alles wil nie sê dat hulle as mense voortrefliker sou wees as julle Blankes nie, hulle staan egter as nakomelinge van Kaïn op `n laer ontwikkelingsvlak en kan net baie moeilik kindskap van Elohim bereik omdat hulle eintlik planeetmense is wat suiwer tot hierdie aarde hoort. Hulle is pure skepsels van hierdie aarde, begaafd met intellek, verstand en gewete, maar met minder vrye wil as julle as blanke mense.

[6] Maar hul minder vrye wil is veel sterker as julle volledig vrye! Wat die Swartes eenmaal wil, volvoer hulle ook - ook al moet hulle daarvoor berge versit! Gedurende hierdie dag sal hulle nog wel `n paar bewyse van hul standvastige wil laat sien waaroor julle julle sal verwonder! Dat hulle egter in al hul doen en late onveranderliker is as julle, as nakomelinge van Set, bewys en toon hul gestalte alreeds.

[7] Kyk, die aanvoerder is kennelik die oudste onder hulle en sy dienaar is ruim agt-en-twintig jaar jonger! Bekyk hulle twee of die een uiterlik gesien ook maar een jaar ouer lyk as die ander; hulle lyk na mekaar soos tweelingbroers! Hul ouderdom sal jy by hierdie mense baie moeilik kan raaksien. Dit is ook so met hul natuurlike krag en fiksheid. `n Man van sewentig wedywer nog met `n jongman van sewentien in die verspring!

[8] Julle Blankes is dikwels siek en julle velle is gevoelig vir allerlei kwale; maar hulle ken, as hulle hulle by hul natuurlike voeding hou, geen liggaamlike aandoenings nie. Die meeste sterf aan ouderdomswakte. Soos wat hul liggaamlike natuur reeds onveranderliker is as dié van julle, so is ook die innerlike karakter van hul siel heel anders en baie vaster as julle s'n; juis daardeur sal hulle egter in vergelyking met julle veel geringer vorderings maak met die tot volle wasdom bring van hul gees, omdat dit hulle daartoe aan die buigsaamheid van die wil bykans volledig ontbreek. Hulle wil laat homself weliswaar ook op `n bepaalde manier `n bietjie buig, maar daarvoor is altyd groot erns en baie moeite en werk nodig.

[9] Die voortreflikheid van die siel en haar gees is egter nie in die bepaalde, meer dierlike vastheid van die wil nie, maar in die eienskap van die siel om maklik kennis in haar op te neem, waardeur sy die lig van die waarheid vinnig begryp en opneem en in die maklike buigsaamheid van die wil, sodat die siel die ware en goeie insien en met haar wil aangryp en in dade omsit, waarsonder geen enkele kennis nut het vir `n siel nie."